



Leer om 'n kwiltblok te ontwerp

Inleiding

Die meeste kwiltblokpatrone gebruik vorms soos vierkante, reghoeke en driehoeke en ook somtyds kurwes wat op 'n spesifieke manier aan mekaar vasgewerk word om die blok te ontwerp.

Akkurate meet, teken en sny op die korrekte grootte is baie belangrik om akkurate laswerk en kwiltwerk te verseker, dit vorm intendeel die fondasie vir kwiltwerk. As die eerste stappe korrek is is dit baie maklik om 'n akkurate blok te produseer. So nou mag jy dalk vra hoe belangrik is akkuraatheid? 'Is dit nie net vir grootmense nie? Ek wil dit net geniet!'

Na baie jare se naaldwerk ka nek jou verseker uit persoonlike ondervinding dat akkuraatheid wel belangrik is. As een blok nie heeltemal so akkuraat is nie is dit een ding. As mens egter 'n groot bedkwilt maak en die blokke is nie so akkuraat nie of pas nie teen mekaar nie en die hoekies kom nie ooreen nie sit mens met 'n probleem.

Hierdie is 'n groot frustrasie wat mens maklik moedeloos kan laat voel. Omdat ek weet jy as jong kwilter hierdie lees en omdat kwilter altyd so veel as moontlik wil leer gaan jy die maklike manier leer om dit reg te doen. Jy gaan akkuraat leer meet, teken en sny, so maklik soos dit!


Hoe gaan jy dit doen?

Jy gaan grafiekpapier of blokkiespapier, 'n skerp potlood en 'n liniaal gebruik om die patroon mee op te meet en te trek. Jy gaan 'n vierkant met 'n raam trek en dan 'n tradisionele kwiltblok binne-in die raam ontwerp. Dan gaan jy hierdie patroon aftrek en 'n kwilt patroon daarvan maak.

Daarna kan jy die blokke inkleur om jou heel eerste kwilt patroon te maak. Dis baie soos om mens se eie legkaart te ontwerp, kom ons doen dit!



*Wees versigtig. Moenie met 'n skerp potlood in jou hand hardloop nie.
Hou jou potlood in jou potloodsakkie en probeer om dit nie te laat val nie, want die lood binne-in kan breek. Wees verantwoordelik en versorg jou gereedskap.*



Wat het jy nodig?

'n Plek om te werk

-
- Vir vandag se projek het jy 'n area nodig waar jy on onderbroke kan werk vir ten minste een uur.
- 'n Tafel.
- 'n Stoel wat hoog genoeg is vir jou om op te sit en gemaklik by die tafel te kan werk
- Genoeg lig om te sien wat jy doen.
- 'n Snippermandjie vir afvalpapier

Gereedskap

- Jy het die volgende gereedskap nodig:
- Jou skatkissie met naaldwerkgereedskap, insluitend 'n papierskêr
- 'n Skerp HB potlood en uitveër
- 'n 15cm of 30cm skoolliniaal
- 'n Meetkundige driehoek as jy een het
- Kleurpotlode of merkers

Benodigdhede

Jy het die volgende items nodig:

- 1 vel grafiekpapier of blokkiespapier met vierkantjies
- Maskeerband

Hoe om 'n raam te teken

Die meeste tradisionele kwiltblokke is gebaseer op 'n patroonstruktuur, ook genoem 'n raamwerk of 'n blokontwerp.

Die meeste kwiltwerk blokoptrone gebruik vorms soos vierkante, driehoeke en reghoeke wat op 'n spesifieke manier aan mekaar gewerk word om 'n kwiltontwerp te skep.

Die meeste tradisionele kwiltblokke is gebaseer op 'n raam van 2x2, 3x3 of 4x4. Dit beteken vir 'n 2x2 raam is daar twee rye en twee kolomme van 2 elk

Woordeboek


Td om nuwe woorde te leer:


Raam

'n patroon van lyne wat mekaar kruis, gewoonlik om vierkante te vorm.

9 Blok Raam


'n Raam van 3 x 3 blokke wat algemeen gebruik word in kwiltblokontwerpe.






Stap 1

Vandag gaan jy op 'n 3x3 raam, ook bekend as 'n 9 blok raam, teken. Plak die gedrukte raam op die tafel vas met 'n stukkie maskeerband op elke hoekie, dit sal help om die papier in plek te hou (Die raamontwerpe is aan die einde van hierdie les beskikbaar))




Stap 2


Die eerste blok wat jy gaan teken is 'n Vriendskapster. Trek 'n diagonale lyn met jou potlood en liniaal van die onderste linkerhoek na die boonste regterhoek van die middelste blok in die boonste ry om die blok in twee driehoeke te deel.




Vriendskapster



Dubbele vriendskapster



Swerende Ster




Eksentrieke Ster

In die eerste tekening kan jy sien slegs die middelste bloke aan die kante is in dieselfde rigting verdeel, wat die Vriendskapster vorm. Deur slegs 'n paar lyne by te voeg kan die Vriendskapster in drie meer komplekse sterpatrone omskep word. Daar is nie so 'n blok op die oomblik nie maar hoe sou jy 'n Eksentrieke Swerende Ster teken?

Teken die vier sterre soos hierbo. Wel gedaan! Jy kan hulle nou inkleur in jou gunsteling kleure. Probeer om 'n donker, medium en ligte kleurpotlood te gebruik. Jy kan party ontwerpe ook wit (ongekleurd) los as jy wil.

Hierdie is die manier waarop alle kwiltblokke ontwerp word. Jy kan die grootte van die blok verander deur 'n ander grootte raam te kies. Jy kan ook die aantal blokke in die raam meer maak om meer komplekse patrone te kan ontwerp.



Wat kan jy ontwerp?

Druk nog 'n kopie van die laaste bladsy, ontwerp jou eie 9 raam blokke, en kleur hulle in. Ek's seker jy kan baie kreatief wees!

Opruimtyd

Welgedaan! Onthou om al jou inkleurpotlode weer in hulle houer te bêre, die stukkie maskeerband in die vullisdrommetjie te gooi en die liniaal en jou ander tekengereedskap weer in jou skatkissie te bêre. Laat jou werkspasie so netjies as wat jy dit gekry het., dan word jy regtig 'n kwilter!

Wys en vertel

Hou die patrone wat jy geteken het in 'n lêer of plastiek losflap slope of plak hulle in 'n boek om dit veilig te bewaar. Pos een of meer foto's van jou ingekleurde patrone op die #SAQGQC4Y WhatsApp Groep.

Kyk hoeveel jy weet en kan uitvind

Kyk hoeveel kwilts jy kan opmerk in die TV reekse wat jy kyk of die tydskrifte wat jy lees. Daar is baiekeer 'n kwilt oor die agterkant van 'n rusbank gedrapeer of op die voetenent van 'n bed. Partymaal is daar ook vloer of muurteëls wat soos kwiltpatrone lyk. Kyk of jy kan sien of 'n patroon uit die onderstaande tradisionele blokkpatrone gebruik is. Kan jy dit teken?


Leer meer oor Tradisionele Patrone

Lank lank gelede, voor radio, TV, satellietkottels, selfone, Whatsapp en Youtube het mense ook die behoefte gehad om te sosialiseer, net soos vandag. Ons gebruik tegnologie, hulle het briewe geskryf en koerante en tydskrifte gelees.

Net soos advertensies opkom terwyl mens YouTube kyk, was daar in die ou dae advertensie veldtogte wat verseker het dat vrouens baie gereeld die tydskrifte gekoop het en so het die tydskrifte se verkoopsyfers per maand gestyg.

Een van die mees suksesvolle advertensieveldtogte is geloods deur die Dames Kunsmatskappy van St Louis, Missouri in die VSA. Jy kon vir hulle skryf en hulle vra om vir jou 'n boekie met die naam 'Kwilt Patroonboek, Laswerk en Appliek' te stuur. Hierdie boekie het meer as 500 patrone bevat wat gebruik kon word vir kwilte en kwiltwerk. Hierdie was in 1922, sowat 100 jaar gelede. Jy kon dan 'n patroon kies en die geld insluit by die brief wat jy geskryf het, een patroon vir 10 sent of 3 vir 25 sent. Die geld is gestuur met posseëls of posorders wat mens by die poskantoor kon koop, en die briewe is by 'n groot rooi posbus, baiekeer op die sypaadjie of by die poskantoor, gepos. Vandag noem ons briewe wat deur die poskantoor gestuur word slakpos omdat dit so stadig is. Het jy al ooit 'n brief by 'n posbus gepos?


Party van die tradisionele blokke wat mens kon bestel is vernoem na alledaagse huishoudelike items soos 'Houthuis', Babablokke, Pragtige Berge, Oop skuurdeur, Vriendskapster en Vlieënde Ganse. Dan is daar ander genaamd Dronkmanspad, en 'Steel van Peter om Paul te betaal'. Ek wonder waar daardie name vandaan kom! Daar is ook party wat na spesiale herinneringe en plekke verwys soos die Ierse ketting, Hawaise blom, die Dresden bord en die Roos van



© Kopiereg SAQG2021. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë. www.quiltsoutafrica.co.za



Sharon. Meeste van hierdie blokke is motiewe wat aanmekaar gewerk is en 'n paar van hulle is appliekblokke. Kyk na die blokke hieronder en sien watter name jy kan identifiseer.



Kan jy sien watter van hierdie blokke is appliekwerk? Kan jy sien watter van hulle is op die 9 raam blok ontwerp? Watter een van hierdie blokke word gewoonlik met de hand gedoen? Wat dink jy noem mens 'n raam wat uit 4 rye en 4 kolomme bestaan? Mooi so!

Wat is volgende?


Hoe om papier en material met 'n skêr te sny.

Het ek iets gemis?

Hou jou oog op die #SAQGQC4Y bladsy op WhatsApp vir nog opwindende idees en projekte wat jy dalk misgeloop het. [Http://www.quiltsouthafrica.co.za/youth](http://www.quiltsouthafrica.co.za/youth)

- Wat het ek nodig om te kwilt?
- Hoe om met 'n kwiltersknoop te begin en met 'n Franse knoop te eindig.
- Hoe om spelde te gebruik.

Antwoorde vir die vasvra: Die laaste 3, oop skuurdeur en Vriendskapster, 16 Raam blok



© Kopiereg SAQG2021. Dokumente mag gratis afgelaai en versprei word vir opvoedkundige doeleindes. Onthou om SAQG krediet te gee en sluit alle SAQG inligting in in jou kopieë. www.quiltsouthafrica.co.za



9 Raam blokke

